
# EK EN DIE GESKIEDENIS



Ek is geskiedenis. Ek kan nie daaraan ontkom nie. Ek is deel en uitkoms van 'n familiegeskiedenis, 'n volksgeskiedenis, 'n wêreldgeskiedenis.

Ek wil graag weet wat my oorsprong is. Die familiegeskiedenis kan redelik maklik nagespreur word: ek ken my eie ouers, my oupas en oumas, ooms en tantes.

Ek deel in die tradisies en die norme en waardes van die volk en die gemeenskap waarvan ek lid is. Weet ek werklik hoe en waarom en waardeur die volkseie ontstaan het? Of moet die geskiedenis my leer?

Die oorspronge gaan veel verder terug, en die wortels lê dieper. Die eerste Van Wijk het in 1657 na die Kaap gekom. Die nageslag is deur Hugenote- en Skotse bloed verryk.

Ons is deel van die geskiedenis en die kulture waarin ons voorsate gewortel het. Dit is die geskiedenis wat ons leer hoe Suid-Afrika ons gemaak het wat ons is. Sonder kennis van wat was, kan ons nie verstaan wat is nie.

Geskiedenis is bewusmaking. Die Wes-Europese middeleeue leef in ons. Renaissance en Hervorming het ons gemaak. Ons denke is dié van die Verligting van Europa van die 18de eeu. Die Nywerheidsomwenteling van die 19de het die gang van ons ekonomie bepaal.

*Gister en Vandag* is nie teenstellings nie. Gister het vandag geword. En vandag is môre se gister.

Wat ek van Geskiedenis maak, is wat die geskiedenis van my gemaak het. Die Geskiedenis as wetenskap wil die geskiedenis vir my verduidelik en verklaar.

Geskiedenisonderrig moet bewusmaking wees.

Theo van Wijk
Rektor
Universiteit van Suid-Afrika